Sondag 20 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 57:1-13 (AFR2020)

Fokusgedeelte: Jesaja 57:13

Wie hulle hulp by ander soek, sal met leë hande staan. Wie by die Here skuil, sal sy erfdeel ontvang

Mense wat deur God gered word, verlaat Hom dikwels om ander "gode" te vereer. So was dit met Israel wat uit Egipte verlos is, maar ook ná hulle terugkeer uit ballingskap. Daar was skaamtelose aanbidding van natuurgode gepaardgaande met seksuele losbandigheid. Selfs hulle babas is aan Molek geoffer (Jes. 57:5-9)!

Ook vandag beleef ons dat mense wat die naam van Christen dra, hulle oorgee aan 'n wêreldse leefstyl, selfsug, arrogansie en losbandigheid. Skreiende ontering van die Naam van God!

Diegene wat getrou aan die Here gebly het, het op die oog af egter geen geseënde lewe in die land gehad het nie. *"Die regverdige gaan ten gronde, maar niemand neem dit ter harte nie"* (Jes. 57:1). Dit was asof God daaroor swyg, maar die skynheiliges sou ontmasker word. Die nutteloosheid van hulle afgode sou duidelik word. *"Wanneer jy om hulp roep, moet jou klomp afgode jou maar red!"* (57:13). Hulle sal egter asof deur die wind weggewaai word.

Is daar in jou hart ook vrae oor die goddelose leefstyl van "kerkmense", wat lustig daarmee voortgaan sonder om deur God gestraf te word? Tap dit jou motivering om die Here te dien? Die Here belowe: *"Maar wie by My skuil, sal die land as erfdeel ontvang en my heilige berg in besit neem"* (Jes. 57:13).

Die Here Jesus se koms het nie alle Jode tot bekering gebring nie. As lydende dienaar het Hy geswyg en Homself nie verdedig nie. Tog was sy kruisiging die draaipunt: Hy dra die sondes van hulle wat by Hom skuil. Oorwinning oor die Bose. Hemelvaart en troonbestyging. Daar is egter 'n tussentyd, lyding vir die kerk totdat Hy weer kom. Die "swygende God" sal as Regter kom. Die land – die nuwe aarde – is die loon van die diegene wat by Hom skuil. Die heilige berg – die nuwe Jerusalem – sal hulle deel wees.

*Sing: Psalm 9-1:1-3*

*Dr. WC (Callie) Opperman (Emeritus)*